

DIE LOTGEVALLE VAN 200 STEPELS VIR DIE STAATSMUNT VAN DIE Z.A.R.

Dr. J. Ploeger
Staatshistorikus

In sy werk *Banking and Currency Development in South Africa (1652-1927)*¹ wy prof. dr. E. H. D. Arndt onder meer aandag aan die Munt van die Zuid-Afrikaanse Republiek.

In verband met onderstaande gegewens is dit voldoende om, inleidend, na die volgende besonderhede te verwys. In Augustus 1890 het die Regering van die Z.A.R., in samewerking met die bankkonsessie, 'n muntkonsessie toegestaan aan die „Nationale Bank van de Zuid-Afrikaanse Republiek”. Dié bank sou, volgens hierdie konsessie, op sy eie koste die beoogde Staatsmunt daarstel binne 'n tydperk van 12 maande na aanneming van die Muntwet.

Laasgenoemde wet het in 1891 van krag geword en in 1892 is met die munt van geldstukke begin.²

Gedurende die tydperk 1899-1900 is, gedurende die oorlog, onderskeidelik 137 000 en 788 000 goue ponde geslaan. In Junie van eersgenoemde jaar was F. Kraus direkteur van die Staatsmunt. Arndt verklaar dat voor die Britse besetting van Pretoria (Junie 1900) ongestempelde goue ponde deur die Staatsmunt geslaan is omdat die stempels gebreek het. Hy voeg daaraan toe dat nuwe stempels in Europa bestel is, maar dat hulle deur die Engelse onderskep is.³

Op watter wyse dit geskied het, vorm die kern van hierdie bydrae wat gebaseer is op die weergawe wat afkomstig is van F. Kraus.⁴

Kraus se reisverhaal

In sy reisverhaal⁵ deel Kraus mee dat die plaaslike bestuur van die „Nationale Bank” te Pretoria hom in Junie 1899 onbepaalde verloff toegestaan het op voorwaarde dat hy na ontvangs van 'n telegram van Darmstadt, Duitsland, na Pretoria moet terugkeer. Aan Kraus is die helfte van sy salaris belowe en tot 29 September 1899 is hy met rus gelaat.

Op dié dag het die bank hom gelas om onverwyld terug te keer. Tewens is aan hom opgedra om 'n essaieerder in diens te neem en om stempels te bestel om 2 000 000 goue ponde te slaan. Die essaieerder sou die stempels saamneem en paspoorte kon van die plaaslike konsul van die Republiek verkry word.

Op 4 Oktober 1899 het die bank Kraus telegrafies opgedra om 200 stempels vir eenpondstukke met die jaartal 1900 te bestel. Die stem-

1. Johannesburg-Kaapstad, 1928, verspreide bladsye.

2. Arndt, t.a.p., pp. 140-151.

3. *Ibid.*, p. 149.

4. Leyds-argief, band 56/1, waarin G.Z.R. 2491/00, met bybehorende dokumente.

5. G.Z.R. 2491/00, waarin G.Z.R. 3266/00 („Reise-Bericht des Münzdirectors F. Kraus”, Darmstadt, 15.3.1900).

pels is deur die Koninklike Munt, Berlyn, vervaardig en op 4 November sou 20, op 18 November 80 en op 18 Desember 100 gereedkom. Inmiddels het hy essaieerder W. Grimm, van Frankfurt am Main, in diens geneem en met die Koninklike Munt gereël dat Grimm 20 stempels, as deel van sy bagasie, na Pretoria sou bring.⁶

Op dieselfde dag het Kraus telegrafies aan die bankbestuur te Pretoria gevra of hy langs die weskus of die ooskus moet terugkeer en op 7 Oktober is aan hom meegedeel om die kortste roete te neem.

Daarna het hy, teen sy sin, besluit om oor Southampton na Kaapstad te reis, terwyl hy Grimm gelas het om oor Napels en Lourenço Marques na Pretoria te gaan en 20 stempels mee te neem. Die orige 180 stempels sou dan deur die Koninklike Munt te Berlyn oor Hamburg as vraggoed na die „Nationale Bank” se agentskap in Lourenço Marques verskeep word.⁷

Kraus het op 28 Oktober 1899 aan boord van die *Carisbrook Castle* van Southampton vertrek en op 14 November in Kaapstad aangekom. Hy het na die plaaslike Duitse konsul-generaal gegaan en gevra of dit moontlik sou wees om oor Delagoabaai na Pretoria te reis. Op hierdie vraag het eersgenoemde bevestigend geantwoord en vervolgens het Kraus op die *Carisbrook Castle* plek na Durban bespreek. Die volgende dag het hy ’n besoek aan die plaaslike takbestuurder van die „Nationale Bank” afgelê om vir briewe, opdragte e.d.m. van Pretoria te vra. Daar het niks aangekom nie, maar hy het van die bestuurder (mnr. A. Mathews) verneem dat dit onmoontlik is om sy reis voort te sit. Die Engelse outoriteite was, aldus Mathews, op die hoogte van sy koms, het die reis na Pretoria as ’n vyandelike daad beskou en was van plan om die bank se takkantore in Kaapstad, Port Elizabeth en Durban te sluit indien Kraus sy reis sou voortsit.

Daarop het Kraus verklaar dat hy uitsluitend verantwoording aan die Pretoriase hoofkantoor verskuldig is, waarop Mathews geantwoord het dat Kraus tog in Durban gearresteer sou word en dat hy in die belang van die bank sou handel deur die ondragte van die Londense komitee van die bank na te kom. Tewens is met twee Pretoriase direksielede, wat in Kaapstad was, oor hierdie aangeleentheid ’n bespreking gevoer⁸, ’n telegram is aan die Londense komitee gestuur en almal het saamgestem dat Kraus voorlopig in Kaapstad moet bly.

Verder het Kraus sy eie briewe en berigte, wat hy voor sy vertrek uit Darmstadt aan die bank in Pretoria gestuur het, in Mathews se kantoor onder oë gekry. Alles was onderskep deur die Engelse sensor en uit die inhoud van hierdie briewe kon ook afgelei word dat Grimm omstreeks 6 Desember 1899 met die Duitse stoomskip *König* in Lourenço Marques sou aankom.

Na aanleiding van hierdie gegewens het Mathews aan Kraus meegedeel dat die Engelse outoriteite verlang dat sowel Grimm as die 20 stempels na Kaapstad moet kom. Met die oog hierop is ’n beampte

6. G.Z.R. 3265/00, Kraus — Gesantskapsekr. Darmstadt, 9.3.1900.

7. *Ibid.*

8. Evans, De Gheest.

in diens van die bank, 'n sekere Ford, na Lourenço Marques gestuur met 'n brief wat deur Kraus opgestel is en waarin Grimm gelas is om die opdragte van Ford uit te voer, met laasgenoemde na Kaapstad te reis en, teen 'n ontvangsbewys die stempels aan hom te oorhandig. Op dié wyse is daar dus 'n slagyster opgestel en Ford is na Lourenço Marques om sy opdrag uit te voer.

Grimm het, aan boord van die *König*, Kraus se instruksies uit die hande van Ford ontvang en die bestuurder van die bank se agentskap in Lourenço Marques het reeds 'n reiskaartjie vir Grimm gekoop om die reis na Kaapstad voort te sit.

Grimm het ewenwel lont geruik toe hy sien dat die sekretaris van die Britse konsulaat en Ford in 'n gesprek gewikkel is, terwyl hy voortdurend deur mense omring is. Hy was bevrees dat hulle lede van die veiligheidspolisie kon wees.

Grimm het geweier om die stempels aan Ford te oorhandig en hulle in 'n koffer in sy hut toegesluit gehou. Terwyl hy 'n maaltyd genuttig het, is sy koffer deur 'n lid van die Britse konsulaat oopgebreek en die stempels gesteel.⁹

Staatsekretaris F. W. Reitz het hierna aan Grimm getelegrafeer om deur te reis na Pretoria en op dié wyse het die essaieerder sonder die stempels in die Transvaalse hoofstad aangekom.

Op Kersdag 1899 was Ford terug in Kaapstad om verslag te doen oor sy gedeeltelik mislukte sending. Hy het die stempels by die Durbanse takkantoor van die bank agtergelaat en Kraus het vir Mathews aanwysings gegee om watter wyse hulle teen roes beskerm kan word.

In Kaapstad het Kraus besef dat hy, as gevolg van die oorlogsomstandighede, nie na Pretoria kan afreis nie en het hy met Mathews en De Gheest die posisie bespreek waarin hy verkeer het. Teen die einde van Desember 1899 het die Britse outoriteite toestemming verleen dat Kraus na Duitsland kan vertrek, mits hy die versekering gee dat hy gedurende die oorlog nie na die Zuid-Afrikaansche Republiek terugkeer nie.

In sy reisverhaal meld Kraus dat hy dié versekering nie gegee het nie. Hy is op 5 Januarie 1900 met die *Arundel Castle* na Europa terug. In Londen het hy besprekings met die Londense komitee van die bank gevoer en daar is sy optrede as juis bestempel!

Kraus en die gesantskap van die Z.A.R.

Terug in Darmstadt het Kraus op 20 Februarie 1900 aan die Republiek se gesantskap te Brussel geskryf dat hy in September 1899 telegrafies na Pretoria teruggedoer is, in Oktober die terugreis aanvaar het en dat hy, nadat hy in Kaapstad verhinder is om verder te reis, na Duitsland teruggekeer het. Hy het gevra of dr. Leyds belangstel in sy reisverhaal en beloof dat, indien dit die geval sou wees, hy dit ten spoedigste sal stuur.¹⁰ Op 1 Maart 1900 is Kraus in kennis gestel dat die gesant dit

9. G.Z.R. 3267/00, Konsul Z.A.R. — Gesant. Frankfurt am Main, 19.3.1900.

10. G.Z.R. 2491/00.

vanselfsprekend vind dat Kraus die regering te Pretoria volledig inlig en dat hy, op las van dieselfde regering, uit sy pos as direkteur van die Staatsmunt ontslaan is.¹¹

Die volgende dag het Kraus geantwoord dat hy reeds op 7 Februarie j.l. so 'n verslag aan sy regmatige hoofde, t.w. die direksie van die „Nationale Bank” te Pretoria, gestuur het, maar hom nie tot die regering gewend het nie.¹² Hy het daarop gewys dat sy aanstelling, met 'n weder-sydse opsegging van ses maande, van die bank afkomstig is en dat dié ooreenkoms nog van krag is omdat hy, sowel van Pretoria as van Londen, nog geen kennisgewing in dier voege ontvang het nie. Hy vra dan ook verduideliking en voeg hieraan toe dat hy die Transvaalse Staatsmunt, m.a.w. die „Nationale Bank”, ses jaar trou gedien het .

Op 3 Maart het die gesantskapsekretaris, jonkheer F. A. van der Hoeven, kort en bondig geantwoord dat Kraus ontslaan is omdat die regering hom daarvoor blameer dat die stempels in Engelse hande gekom het.¹³ Kraus het hierdie antwoord as 'n belediging beskou. Verder het hy, in dieselfde brief¹⁴, verklaar dat hy in Desember 1895, tydens die Jameson-inval, een van die vyf afgevaardigdes van die Duitse vereniging was wat hulle onvoorwaardelik ter beskikking van die Transvaalse Staats-president gestel en 'n geweer gedra het.

Vervolgens het hy sy reeds vermelde lotgevalle in Kaapstad geskets en sy lotgevalle in Londen geskets. Dáár het hy die bank se takbestuurder, mnr. La Thangue, ontmoet en hom gevra waar die oorblywende 180 stempels was. Hierop het die takbestuurder geantwoord dat hulle nog in Hamburg is.¹⁵ Op 3 Februarie 1900 het Kraus navraag by die Koninklike Munt te Berlyn gedoen of die stempels weggestuur en betaal was. By dié geleentheid het hy verneem dat die konsul-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek die Koninklike Munt versoek het om geen besendings meer aan Kraus te stuur nie.

Kraus het sy skrywe met 'n versoek afgesluit om nie veroordeel te word sonder dat sy verklaring in ag geneem word nie. Op 21 Maart 1900 het hy wel verneem dat sy reisverhaal ontvang is, maar dat die gesant (dr. Leyds) in Parys is en na sy terugkeer sal besluit of hy Kraus se brief sal beantwoord of nie.¹⁶

Op 30 Maart 1900 het Kraus berig dat hy in Januarie sy dienste aan die Londense komitee van die bank aangebied en gevra het om langs die ooskus na Pretoria te reis. Hy het geen antwoord ontvang nie. Vanaf 1 Februarie 1900 het hy geen salaris meer uit Londen ontvang, terwyl hy sowel sy eie reisgeld na Kaapstad en terug as Grimm se reis-onkoste uit sy eie sak betaal het. Die gesantskap het die briefwisseling

11. Nr. 1700/00.

12. G.Z.R. 3264/00.

13. Nr. 1895/00.

14. G.Z.R. 3265/00.

15. Op versoek van K. is die 180 stempels deur die Koninklike Munt, Berlyn, aan die Hamburgse firma Suhr en Classen gestuur om vandaar aan die „Nationale Bank” se tak in Lourenço Marques gestuur te word.

16. Nr. 223/00.

met Kraus gestaak, maar laasgenoemde het hom op 15 Mei 1900 nogmaals tot die gesantskapsekretaris (C. van Boeschoten) gewend¹⁷.

Grimm se skrywe. Ontslag

Op 15 Mei 1900¹⁷ het Kraus aan die gesantskapsekretaris te Brussel geskryf dat hy met die jongste pos 'n brief van Grimm vanaf Pretoria ontvang het waarin laasgenoemde vermeld het dat hy 'n gesprek met Staatsekretaris Reitz oor Kraus se toekoms gevoer het. Volgens Grimm kon die Staatsekretaris nie verstaan nie dat Kraus hom deur die Engelse kon laat beïnvloed het. Die Staatsekretaris begeer, net soos die hele regering, dat Kraus ten spoedigste moet terugkeer en — indien moontlik — die stempels moet saamneem aangesien daaromtrent nog niks verneem is nie. Dit sou, aldus Grimm, die beste wees dat Kraus met dr. Leyds in verbinding tree aangesien die Staatsekretaris die gesant oor die stempel-aangeleentheid ingelig het.¹⁸

Kraus het tevergeefs gewag om iets gunstigs te verneem. Op 15 Mei 1900 was hy sonder inkomste, terwyl die bank sy dienste nog nie opgesê het nie. Op 28 Mei 1900 het hy ewenwel berig dat hy op 26 Mei sy ontslag, sonder opgaaf van redes, van die „Nationale Bank” se bestuur te Pretoria ontvang het¹⁹. Kan, so het Kraus ten slotte versoek, die aanklag teenoor hom deur die regering te Pretoria teruggetrek word? Onder aan hierdie brief staan, in blou potloodskrif, aangeteken: „Gezant weigert. Ook niet te antwoorden”.

17. G.Z.R. 5314/00.

18. Die korrespondensie is nog nie opgespoor nie. Skr.

19. G.Z.R. 5315/00.